# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 76 Nommer 21 31 Mei 2026

## Predikant

Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775



## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za



## NAGMAAL SONDAG 31 MEI – Dr De Wet Saaiman

**Skrifgedeeltes:** Esegiël 42:1- 43:12
**Teksverse:** Esegiël 43:4-5, 7a
**Tema:** Nagmaal (1): In God se teenwoordigheid is daar vir ons ’n nuwe en blywende toekoms!

God se heerlikheid het hierdie gemeente deur 130 jaar gedra en wek vandag steeds dankbaarheid, heiligheid en hoop in Christus. As gemeente kyk ons terug en sien hoe die HERE getrou gebly het deur geslagte heen, selfs in tye van verlies en beproewing. Soos in Esegiël 43 sien ons hoe God se teenwoordigheid weer sy volk vul met sy heerlikheid en lewe gee aan sy kerk. Die Nagmaal herinner ons aan Christus se offer, roep ons tot selfondersoek en lei ons tot ’n lewe van gehoorsaamheid en toewyding. God se teenwoordigheid vorm ons as gemeente in die hede en rig ons oë op die ewige toekoms wat Hy in Christus belowe. Daarom leef ons met dankbaarheid en verwagting, terwyl die Woord en sakrament ons roep om heilig te leef en Christus sigbaar te weerspieël in die wêreld. In die Woordverkondiging let ons op God se teenwoordigheid. In God se teenwoordigheid:

a) ONTDEK ons weer Sy trou,
b) word ons GEROEP tot heiligheid; en
c) ONTVANG ons ewige hoop deur Christus.

## NABETRAGTINGSDIENS – Dr De Wet Saaiman

**Skrifgedeelte:** Esegiël 42:1- 43:12
**Teksvers:** Esegiël 43:5a
**Tema:** Nabetragting (2): Die heerlikheid van die HERE verander ons!

God se heerlikheid staan sentraal in die gemeente se 130 jaar van genade. Ons is as gemeente diep bewus daarvan dat die HERE deur geslagte heen getrou bly en sy volk dra. Die begrip van sy heerlikheid (*kavod JAHWE* en *Doxa Deo*) wek dankbaarheid, eerbied en verwondering in Christus se offer, wat weer opnuut sigbaar word in die Nagmaal. Soos Jesaja en Esegiël reageer gelowiges met heilige ontsag, nederigheid en selfondersoek wanneer God se teenwoordigheid naby kom. Hierdie heerlikheid bring nie net bekering nie, maar vorm ook ’n lewe van gehoorsaamheid en dankbare diens, waarin gelowiges al meer die beeld van Christus weerspieël deur die werking van die Gees. In die nabetragting let ons op die heerlikeid van God wat ons verander en bring ons:

a) tot dankbare EERBIED en AANBIDDING
b) tot dankbare NEDERIGHEID en BEKERING; en
c) tot ’n danbare lewe wat Hom VERHEERLIK.

## SONDAG 31 MEI 2026

Kollektes word via SnapScan gedoen of by die deure na die diens.
Eerste sakkie is vir Barmhartigheid.
Tweede sakkie is na die oggenddiens vir die Koningskinders.

Die tweede kollekte 7 Junie is na die oggenddiens vir die Emeritaatsversorgingstrust en na die aanddiens vir die Kerkkas.

**09:00 Oggenddiens: Dr De Wet Saaiman**

- Geen Kleuterkerk met Nagmaal nie
- Geen Kinderbediening met Nagmaal nie
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 17 – Oudl. Wikus Verreynne
- Diakonale Diensbeurt: Groep 3
- Tee/Koffie en verversings na die oggenddiens

**Geen Aanddiens nie**

## PROGRAM VIR DIE WEEK 1 TOT 7 JUNIE 2026

**Woensdag 3 Junie**

09:000 Korrektiew Dienste

**Donderdag 4 Junie**

10:00 Bybelstudie: Koningskinders se ouers
11:00 Bybelstudie: Mannagroep
15:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Marise Jacobs; Groep B olv sr Annerie Saaiman

**Vrydag 5 Junie**

09:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Marise Jacobs; Groep B olv sr Annerie Saaiman

## DIENSBEURTE SONDAG 7 JUNIE 2026

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olsv sr Marizel Fasen
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Charlotte van Wyk
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 18 – Oudl. Werner van den Berg
- Diakonale Diensbeurt: Groep 4
- Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Wytske van Wyk
- Katkisasie les 14

# VAN HUIS TOT HUIS

**Gelukwense:**

**Baie geluk aan ons 70-Plussers wat verjaar:**

**3 Junie**

- Br Eddie Corbett (082 4161 761) Wyk 32
- Br Cas van Wyk (072 649 2510) Wyk 11

**6 Junie**

- Br Hennie Minnaar (082 577 7181) Wyk 4

**Baie geluk aan ons lidmate wat verjaar:**

**1 Junie**

- Br TJ Esterhuyse (082 454 8038) Wyk 18
- Jbr Mias van der Zee (082 821 0076) Wyk 26
- Jsr Karli Venter (073 911 6142) Wyk 4

**4 Junie**

- Jsr Carla van der Walt (082 807 5630) Wyk 10

**6 Junie**

- Br Jan-Louis Spoelsta (083 291 0091) Wyk 1

**7 Junie**

- Jbr Henri Saaiman (071 437 4655) Wyk 6
- Br Pieter Theron (082 575 3751) Wyk 33

**Daar is geen huwelikherdenkings die week waarvan ons bewus is nie.**

**Lief en leed**

- Ons dink in ons voorbidding aan almal wat siek is met seisoenale verkoues en griep. Mag die HERE ook op sy tyd genesing skenk.
- Daar is ’n paar lidmate wat behandeling vir kanker ondergaan en gevra het dat dit nie gepubliseer moet word nie. Sonder om name te noem, bid ons saam met julle dat die HERE deur die behandeling en nasorg julle kragte vir die behandeling sal versterk, julle sal seën en genees.
- Ons is saam met sr Wilmé Diamond (083 288 6328) Wyk 18 dankbaar dat haar handoperasie goed afgeloop het en bid dat die HERE haar volkome sal genees.
- Ons doen in besonder voorbidding vir al ons bejaarde lidmate met die uitdagings van ouer word. Al die pyne en skete wat daarmee gepaardgaan. Mag die HERE julle ook verseker van sy troue bewaring.
- Ons dink aan br Jan Vorster (063 636 3396) Wyk 39 wat met kanker gediagnoseer is en geopereer moet word. Ons bid vir vrede en rustigheid vir die herstelpad wat voorlê.

**Bedankings:**

- By voorbaat dankie vir almal wat gehelp met die reëlings vir die 130 jarige fees. ’n Besonderse dankie aan Pierre en Barbara Fourie vir die kos Saterdagaand en Petrus en Molly, Werner en Jan-Louis vir al die reëlings vir die konsert en saamkuier. Ons is as gemeente die HERE dankbaar vir al sy seëninge oor 130 Jaar.

## KENNISGEWINGBORD

**Kollektes: 24 Mei 2026**

| | | |
|---|---|---|
| R 1453.50 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 883.00 | Oggend: Deure/ Teol. Stud. |
| R 200.00 | Aand: Barmhartigheid |
| R 170.00 | Aand: Kerkkas |

**SnapScan: 24 Mei 2026**


| | |
|---|---|
| R 516.84 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 293.67 | Oggend: Deure/ Teol. Stud. |
| R 19.32 | Aand: Barmhartigheid |
| R 48.30 | Aand: Kerkkas |

## *Beroepenuus*

Beroep aanvaar

- Proponent ER (Eugene) du Plessis na GK Kuruman

## *Gedagte vir die week*



God het die Heilige Gees oorvloedig op ons uitgestort
deur Jesus Christus ons Verlosser.
So is ons dan deur sy genade vrygespreek
en het ons erfgename geword,
en ons het die hoop om die ewige lewe te ontvang.
Titus 3:6 en 7

**GEREFORMEERDE KERK KRUGERSDORP: HISTORIESE DATUMS**

| | |
|---|---|
| 25 April 1896 | Stigting van die Gereformeerde Kerk, Krugersdorp |
| 1897 | Ds M Postma bedien Krugersdorp vanuit Johannesburg |
| April 1897 | Ds M Postma word op Krugersdorp verwelkom |
| 11 Februarie 1899 | Die plaas Vrye Gunst word vir 2,900 Pond verkoop |
| 31 Maart 1899 | Die plaas Nooitgedacht word vir 3,500 Pond verkoop |
| 9 September 1899 | Lidmatetal 212 en sieletal 482 |
| 1899-1902 | Driejarige oorlog: Konsentrasiekamp op Krugersdorp |
| 1902 | Eerste wyk word op Krugersdorp gestig |
| 27 Julie 1902 | Ds M Postma terug in die gemeente na sy krygsgevangeskap |
| 1903 | Eerste kerkgebou voltooi teen 5,660 Pond |
| 16 Julie 1903 | Hoeksteen van eerste kerkgebou word gelê |
| 13 Mei 1904 | Eerste kerkgebou word in gebruik geneem |
| 14 Januarie 1905 | Ds D Postma word bevestig |
| September 1905 | Orrel word vir 50 Pond aangekoop |
| 6 April 1917 | Kerkraad besluit dat notules in Afrikaans geskryf moet word |
| Julie 1917 | Kerkraad hou kollekte vir ‘n Afrikaanse Bybelvertaling |
| April 1922 | Ds LP Vorster word in die gemeente ontvang |
| 1923 | Gereformeerde Sustersvereniging word gestig |
| 1926 | Gereformeerde Kerk Die Moot stig af van GK Krugersdorp |
| 12 April 1931 | Br G Dalhuysen word as eerste orrelis aangestel |
| Augustus 1933 | Ingebruikneming van die Afrikaanse Bybel |
| 9 September 1934 | Ds LP Vorster in Rustenburg oorlede en begrawe |
| 1937 | Ingebruikneming van die Afrikaanse Psalmboek |
| 5 Junie 1937 | Ingebruikneming van die pyporrel wat teen 635 Pond aangekoop is |

| | |
|---|---|
| 1938 | Ossewatrek – ds Venter tree by Paardekraalmonument op |
| 1942 | Oostelike wyke stig af en word GK Florida |
| 1951 | ‘Ons Kandelaar’ (gemeenteblad) sien die lig |
| 1954 | GK Krugersdorp-Wes stig af |
| 24 Maart 1956 | Hoeksteenlegging van die nuwe kerkgebou deur ds WJ de Klerk |
| 1961 | Ds JL Helberg word professor te Hammanskraal |
| 1969 | Dr Tjaart van der Walt word professor te Potchefstroom |
| 1978 | GK Krugersdorp-Oos stig af |
| 17 Augustus 1986 | Ds Arnold Mulder word deur ds C Hatting (snr) bevestig |
| 1996 | Eeufees van GK Krugersdorp word gevier |
| 15 April 2007 | Ds Wim Vergeer word deur ds Arnold Mulder bevestig |
| Maart 2007 | Ds Arnold Mulder emeriteer |
| 21 November 2010 | Ingebruikneming van Moederskamer |
| 17 April 2011 | Samesmelting van GK Krugersdorp en GK Krugersdorp-Oos |
| 4 Desember 2011 | Dr De Wet Saaiman word deur dr Wim Vergeer bevestig |
| 28 April 2017 | Ds Arnold Mulder oorlede |
| 2020 | Wêreldwye COVID-epidemie – tref ook ons gemeente – talle lidmate oorlede, virtuele eredienste |
| 25 April 2021 | GK Krugersdorp 125-jaar oud – geen feesvieringe nie – steeds impak van COVID-epidemie |
| 29 September 2024 | Ds Wim Vergeer emeriteer |
| 24 April 2026 | Gereformeerde Kerk Krugersdorp 130-jaar oud |

## *GROETEBOODSKAP EN GELUKWENSING*

by die viering van die 130ste bestaansjaar
van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Wanneer ons aan die gemeente van die GK Krugersdorp dink, dan sien ons die laaste gedeelte van die gelykenis van die saaier in vervulling gaan: die kosbare saad van die evangelie wat in goeie grond val, en wat honderdvoudig, sestigvoudig en dertigvoudig vrug dra (Matt 13:8,23). Hoe groot is die voorreg om aan ‘n gemeente te behoort en daarin te kan dien as die Here soveel wonderlike gawes en geestelik vrug gee - en dit doen Hy in sy groot genade al 130 jaar vir geslag op geslag! Laat ons Hom dank en eer vir sy getroue liefde en sorg. Wie is ons dat ons in sy ryke seëninge mag deel! Ons is saam met julle dankbaar en bly.
Ons bede vir u is dat God se genade en seën oor u mag voortduur:

- Mag dit met u as gemeente gaan soos met Adam, wat in sy 130ste lewensjaar nog vir Set verwek het (Gen 5:3). Set wat na die dood van Abel die draer van God se verbondsbeloftes geword het en wie se nageslag begin het om getrou die Naam van die Here aan te roep (Gen 4:26). Sulke getrouheid is ook vandag noodsaakliker as ooit.
- Mag God deur sy Gees in die gemeente steeds dieselfde dankbare offervaardigheid gee as wat die leiers van Israel gehad het, toe hulle elkeen ‘n kosbare silwerskottel van 130 sikkels (1,5 Kg) silwer vir die instandhouding van die altaar (erediens) geskenk het (Num 7:84-85 [OAV]).
- En, al is ons bestaan in hierdie wêreld, soos Jakob teenoor die Farao bely het, 130 jaar van vreemdelingskap (Gen 47:9), mag dit wees dat ons ook soos hy steeds vir mekaar as gelowiges oor die toekoms sal sê: “God sal met julle wees” (Gen 48:21). Hy bly aan sy verbond getrou!

Met vriendelike groete en baie liefde,
Ds Wim en Hettie Vergeer

## *Groeteboodskap*

Met opregte dankbaarheid teenoor die HERE vier Gereformeerde Kerk Krugersdorp vanjaar sy 130ste bestaansjaar. Vir meer as ’n eeu en drie dekades het die HERE hierdie gemeente gedra, beskerm en ryklik geseën. Sedert die stigting van die gemeente in 1896 het geslagte gelowiges hier ’n geestelike tuiste gevind waar die Woord van God suiwer verkondig word, die sakramente bedien word en gelowiges saam opgebou word in die geloof.

Om die 130ste bestaansjaar van ’n gemeente te vier, is ’n besondere voorreg wat min gemeenskappe beskore is. As ons terugdink aan die stigting in 1896, besef ons dat hierdie gemeente gebore is in ’n heeltemal ander era. Tog staan ons vandag nog hier as getuies van ’n God wat gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde bly (Hebreërs 13:8).

Vir 130 jaar lank het die klok van hierdie kerk gelui om mense na die HERE se huis te roep. Deur oorloë, ekonomiese storms, maatskaplike veranderinge en generasies heen, het God hierdie kerkgemeenskap in die palm van Sy hand gehou. Ons dink vandag met diepe respek en dankbaarheid aan die stigters, die leraars en die lidmate wat voor ons die pad van geloof gestap het en vir ons ’n ryk geestelike erfenis nagelaat het.
Wanneer ons terugkyk oor hierdie 130 jaar, sien ons die duidelike hand van die HERE in die geskiedenis van die gemeente. Daar was tye van vreugde en groei, maar ook uitdagings en moeilike omstandighede. Tog het die HERE deur alles heen getrou gebly aan Sy belofte om Sy kerk te bewaar. Daarom is hierdie feesviering nie bloot ’n herdenking van jare nie, maar veral ’n getuienis van God se verbondstrou en genade.

Dit is vir my persoonlik ’n besondere voorreg en groot seën om reeds meer as 14 jaar, as herder en leraar, deel van hierdie geliefde gemeente te mag wees. In hierdie tyd het die gemeente vir my en ook vir ons hele gesin baie kosbaar geword. Ons het saam met die gemeente geleef, gegroei, gebid, gewerk en die HERE se sorg op baie maniere beleef. Die mense van hierdie gemeente het oor die jare nie net mede-gelowiges geword nie, maar ware broers en susters in Christus.

Ons gesin is diep dankbaar vir die liefde, ondersteuning, omgee en gebede wat ons deur die jare vanuit die gemeente ontvang het. Dit is ’n voorreg om saam met ’n gemeente te mag arbei waar daar ’n opregte liefde vir die HERE, Sy Woord en Sy kerk bestaan. Die geloofsgetrouheid van lidmate oor baie jare heen is iets wat groot waardering verdien. Ons waardeer die saamstaan van die gemeente, die hartlikheid waarmee mense mekaar dra, asook die bereidwilligheid om saam te dien in die Koninkryk van die HERE. Terwyl ons dankbaar terugkyk, kyk ons ook met geloof en verwagting vorentoe. Ons vertrou dat die HERE ook in die toekoms hierdie gemeente sal gebruik as ’n ligdraer in Krugersdorp en omgewing. Mag die Gereformeerde Kerk Krugersdorp steeds ’n plek wees waar mense Christus leer ken, geestelik groei en toegerus word om Hom met oorgawe te dien.

Mag hierdie 130-jarige mylpaal ons opnuut inspireer. Ons vier nie net die verlede nie; ons verbind ons opnuut om vandag en môre die lig van Christus in ons gemeenskap te laat skyn. Mag hierdie mylpaalviering elkeen van ons opnuut herinner dat die kerk aan Christus behoort. Hy alleen is die Hoof van Sy kerk, en Hy alleen gee groei, krag en volharding.

Soos die Woord ons herinner in Esegiël 43:5b:

*“Kyk, die heerlikheid van die HERE het die tempel gevul.”*

Mag dit ook waar wees van hierdie gemeente, vandag en in die jare wat kom.

*Soli Deo Gloria!*
U broer in Christus,
Dr. De Wet Saaiman en gesin

## *SOLI DEO GLORIA – AAN GOD AL DIE EER*
## *130-JAAR VAN GENADE*

Die Gereformeerde Kerk Krugersdorp is in 1896 gestig nadat 'n groep lidmate te Hekpoort 'n versoekskrif aan die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Rustenburg gerig het om af te stig. Die Kerkraad het met die versoek akkoord gegaan en dit op 16 Maart 1896 aan die Algemene Vergadering te Heidelberg voorgelê. Die versoekskrif is behandel en goedgekeur met die voorwaarde dat die nuwe gemeente te Krugersdorp gevestig word. 'n Kommissie bestaande uit ds J de Riddr saam met ouderlinge HP Steyn en A Venter van Rustenburg en ds JL Maury saam met ouderlinge JA Bezuidenhout en GA van der Walt van Potchefstroom het saam met die lidmate van Hekpoort in 'n skoolsaaal te Krugersdorp op 25 en 26 April 1896 vergader om die nuwe gemeente te stig. Die nuwe gemeente se gebied het gestrek vanaf Krugersdorp, die Moot en Maanhaarrand insluitend Randfontein tot by Roodepoort. Die gemeente het uit twee wyke bestaan, naamlik Hekpoort en Hoēveld. 'n Derde wyk is in 1902 te Krugersdorp gestig.

Wyksdienste was aanvanklik in die woonhuise van lidmate gehou. Op die stigtingsvergadering is besluit dat ds Ph S Snyman van Heidelberg as konsulent vier dienste per jaar, waarskynlik nagmaaldienste, te Krugersdorp sal hou. Ds Marthinus Postma het in 1897 as konsulent die roeping oorgeneem en ses dienste per jaar in Krugersdorp waargeneem.

In opdrag van die Kerkraad het ouderling S Potgieter aansoek by die regering gedoen om 'n skenking van grond aan die nuutgestigde gemeente. Die gevolg was dat erwe 15, 16, 17 en 136 in die Distriksdorp (Krugersdorp-Noord), begrens deur Begin-, Premier-, Eerste- en King George-strate, asook twee plase naamlik *Vrije Gunst* in die distrik Piet Retief en *Nooitgedacht* in die distrik Rustenburg aan die Kerkraad oorgedra is. Die volle blok was nie-alleen nodig vir die bou van 'n kerkgebou en pastorie nie, maar ook om genoeg ruimte te voorsien vir lidmate wat per ossewa en perdekar eredienste bygewoon het. Veral met nagmaaltye was die terrein vol ossewaens, tente, perdekarre, trekdiere en perderuiters. Vandag is die kerkterrein heelwat kleiner.

Die Kerkraad het in Februarie 1899 besluit om ‘n kerkgebou in die boustyl van die Potchefstroomse kergebou op te rig. Die nuwe gebou moes sitplek aan minstens 500 persone bied. Ten einde geld vir die oprigting van die kerkgebou te kry, het die Kerkraad die plaas *Vrije Gunst* verkoop en ‘n jaar later ook die plaas *Nooitgedacht*. Die verkoop van die twee plase het genoeg fondse vir die oprigting van die nuwe kerkgebou sonder skuld voorsien. Die uitbreek van die Anglo-Boere Oorlog later in 1899 het nie net ‘n impak op die bouprojek gehad nie, maar ook op die normale kerklike aktiwiteite, huisbesoek en nagmaalvieringe. Gedurende die oorlog het die Kerkraad verskeie versoeke van lidmate in geldelike nood ontvang vir hulp. Die nood was werklik baie hoog. Baie van die vroue en kinders was in die Krugersdorp Konsentrasiekamp terwyl die mans op kommando was of as krygsgevangenis na Ceylon en ander plekke gestuur was. Daarby was ds M Postma vir twee jaar as krygsgevangene in Oos-Londen aangehou. Hy was in Julie 1902 terug in Krugersdorp. Onder sy leiding het die Kerkraad in 1903 besluit om met die bouprojek voort te gaan. Die geldsake van die gemeente was as gevolg van die oorlog nie rooskleurig nie met die gevolg dat versoeke vir lenings en skenkings tot die lidmate en gemeenskap gerig was. Bouwerk aan die kerkgebou was in 1903 voltooi, maar teen ‘n veel hoēr koste was wat aanvanklik voorsien is. Die gemeente het tot in die vroeē twintigerjare gesukkel om die geldelike las wat die bouwerk meegebring het, te dra.

Die hoeksteen van die nuwe kerkgebou is op 16 Julie 1903 gelê. Die gebou is op 14 Mei 1904 vreugdevol in gebruik geneem toe ouderling Cilliers, die voorsitter van die boukommissie, die deure oopgesluit het en ouderling S Potgieter, die oudste lidmaat ‘n Statebybel op die kansel geplaas het. Nadat die aanwesiges hul plekke ingeneem het, het ds M Postma na aanleiding van 1 Petrus 5:5 gepreek en die gemeente vermaan om as lewende stene (lidmate) van Jesus Christus se gemeente te wees. Tydens die ingebruik-neming het ‘n plaaslike handelaarr, mnr. Kinnear, ‘n doopbak aan die gemeente geskenk. ‘n Traporrel is in April 1905 aangeskaf om die gemeentesang te begelei.

Die Krugersdorp gemeente het mettertyd van ‘n landelike tot ‘n stedelike gemeente gegroei. Teen die vyftigerjare was die kerkgebou te klein vir al die lidmate. Daarby was die ou gebou baie vervalle. Die Kerkraad het gevolglik bereken dat ‘n nuwe kerkgebou die beste saketransaksie sou wees. Die argitek Johan de Ridder, ‘n lidmaat van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Sunnyside is genader om die nuwe gebou te ontwerp. De Ridder was bekend vir die besondere simboliek van sy kerkgeboue.

Die grondidee van sy ontwerp is gebasseer op die Bybelse Tent van Samekoms waar die Volk van God Hom ontmoet het tydens die woestynreis na die Beloofde Land. Net soos die Israeliete deur die woestyn na die Beloofde Land getrek het, net so trek die Kerk van Christus vandag deur die woestyn van hierdie lewe na die Ewige Heerlikheid. Die ontwerp van kerkgebou herinner aan ‘n tent wat simbolies is van die vreemdelingskkap van die kerk op aarde. Die A-struktuur van die gebou het sy spitsdak herinner aan die tentdoek wat oor toue gespan is. Die funksie van die kerk word deur die erediens bepaal. Die simboliek van die binneruimte lê opgesluit in die Woordverkondiging vanaf die preekstoel oor die gemeente en deur die groot venstermure na die buitewêreld. Die ultra-moderne ontwerp van die kerkgebou het aanvanklik teenkanting van sommige lidmate ontvang. Gemoedere het egter gekalmeer toe die simboliek van die gebou en die vrystaande toring wat na God reik aan die beswaarde lidmate verduidelik is.

Die kontrakteurs betrokke by die bouwerk was almal lede van die Gemeente Krugersdorp. Die gebou is opgerig deur br Siebrin Woudstra; br Peet Pelser was verantwoordelik vir die elektriese installasies; terwyl die teēlwerk gedoen is deur br Piet Kleinloog. Die Van Kaam-broers was verantwoordelik vir die houtwerk. Die hoeksteen van die nuwe kerkgebou is op 24 Maart 1956 deur ds WJ de Klerk gelê. Die hoeksteen van die ou kerkgebou het ‘n ereplek daarnaas gekry. Die nuwe kerkgebou is in September 1956 voltooi en feestelik in gebruik geneem.

Mettertyd is die pastorie op die hoek van Begin- en King Georgestraat afgebreek om plek te maak vir die Moria Sentrum vir Bejaardes. Die argitek van die gebou was Johan de Ridder. Die Sentrum vir Bejaardes het nuwe eise aan die pastorale versorging van die gemeente gestel, maar ook die amp van die gelowige tot groter aktiwiteit aangespoor. Die groot getal senior lidmate in die gemeente beteken ontsaglik baie. Hulle voorbeeld, belangstelling en voorbidding getuig elke dag van hul geloof, toewyding, liefde en vriendskap.

Die Gereformeerde Kerk Krugersdorp is bekend as ‘n singende gemeente. Die orrels in die ou en nuwe kerk het deur die jare die gemeentesang begelei, lofliedere as offerandes vir die Here laat klink en ‘n belangrike dienende funksie vervul. Die oorspronklike traporrel is in 1937 met ‘n pyporrel vervang. Met die nuwe kerkgebou het ‘n vergrote weergawe van die pyporrel ‘n ereplek gekry. Saam met die orrelklanke loof en prys die gemeente die majesteit van die Here. Verskeie orreliste het deur die jare die sang in die gemeente begelei. Die groot liefdevir musiek van ds Arnorld en sr Ria Mulder het grootliks bygedra tot geesdrif en verbetering van die gemeentesang wat aan die gemeente gekoppel word. Besoekers maak gereeld met groot waardering melding van die gemeentesang.

Verskeie predikante het deur die jare die gemeente bedien. Elkeen het sy unieke stempel op die gemeente afgedruk. Daar kan met dankbaarheid na elkeen se arbeid verwys word. Dikwels was dit ook vir hulle nodig om die leisels stywer vas te vat ... Krugersdorp het altyd sterk persoonlikhede in hul midde gehad. Sedert die stigting van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp in 1896 het veertien predikante die gemeente voltyds bedien. Ons huidige predikant, dr De Wet Saaiman is op 4 Desember 2011 met groot dankbaarheid saam met sy gesin op ‘n feestelike wyse in die gemeente ontvang en bevestig. Vir 130-jaar het God aan die gemeente begaafde predikante, ouderlinge en diakens voorsien wat met vrug in die Koninkryk van God gearbei het. Verskeie arbeidsterreine bestaan vandag nog waar manne en vroue dienswerk in die gemeente, dorp en gemeenskap verrig. Gelowiges kon in die gemeente ‘n geestelike tuiste vind danksy God se genade. Ons tye was en is in God se hand. Die Gereformeerde Kerk Krugersdorp kan daarvan getuig! *Soli Deo Gloria* – Aan God al die eer!

Sr Janet du Plooy

## *By God: geen kortpad, maar die regte pad (1)*

- ***Eksodus 13:17-18a***: “Toe die farao die volk laat trek het, het God hulle nie die pad na die land van die Filistyne toe laat vat nie, hoewel dit die **kortste** was, want Hy het gesê: ‘As die volk in 'n geveg betrokke raak, kan hulle dalk spyt kry en na Egipte toe teruggaan.’ Daarom het God die volk met 'n **ompad** laat gaan, met die woestynpad in die rigting van die Rietsee.”

**Die ompad is die regte pad**

- ➢ Jy wat jou lewensmaat of kind of pa of ma, vir wie jy so lief was en wat skielik deur die dood van jou weggeruk is – sou jy hom of haar nie baie graag nou hier langs jou wou gehad het nie?
- ➢ Die kind van jou wat so siek is – jy sal hom of haar tog baie graag weer gesond wil hê om ook 'n normale lewe te kan lei.
- ➢ Jy wat so swaarkry op finansiële gebied – sou jy nie eerder meer geld wou hê sodat jy jou gesin goed kan versorg nie?

Ja, as jy jou lewe self moes inrig, sou dit waarskynlik heeltemal anders daar uitgesien het. Gesond, ryk, voorspoedig, gelukkig, sonder bekommernisse, sonder probleme. En tog lyk jou lewe dikwels anders. Hoekom?

Jy glo tog dat God vir jou sorg en dat Hy juis hierdie mooi dinge aan jou belowe het. Maar waarom kry jy dit dan nie altyd nie?

- ❑ Die rede is: God loop nie altyd met jou 'n *kortpad* nie, maar soms 'n *ompad*. Maar hierdie ompad is altyd die *regte* pad.

- In **Jesaja 55:8-9** verseker die Here ons: "*My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie... soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes.*"

Presies dit het Israel ondervind toe die Here hulle uit Egipte laat trek het. Die oorkoepelende aktiwiteit wat daar plaasvind, kan ons beskryf met die woorde: *verlos*, *red*, *bevry*.

- Die Here *verlos* Israel van Egipte se heerskappy oor hulle en bring hulle oor na Kanaän.
- Die Here *bevry* Israel van die slawerny waarin hulle in Egipte vasgevang was (wat beeld is van om in sonde vasgevang te wees), en bring hulle oor na om weer vry mense in Kanaän te wees.

Volgens jou menslike oorwegings en logika sou jy verwag dat die Here hulle met die kortste moontlike pad na Kanaän toe sou vat.

En daar was só 'n pad. Vir baie jare al is daar 'n pad in gebruik al langs die weskus teen die Middellandse See op tussen Egipte en Kanaän. Hierdie is die kortste en maklikste pad wat jou die gouste van Egipte af in Kanaän aanbring.

As ons ‘n sê gehad het, sou ons na alle waarskynlikheid dat die Israeliete met hierdie pad langs trek na die beloofde land. Dan kan hulle mos sommer gou by hulle vryheid uitkom, by die beloftes uitkom wat God aan hulle gegee het.

Maar God doen dit nie só nie.

- Met die wolkkolom bedags en die vuurkolom snags lei die Here hulle ooswaarts, op 'n wonderbaarlike manier deur die Skelfsee, die barre, ongenaakbare, klipperige woestyn in.
- Daar sou hulle vir nie minder nie as 40 jaar lank rondtrek voordat hulle die beloofde land Kanaän kon ingaan. En bowendien kon net Josua en Kaleb Kanaän ingaan. Al die ander is almal in die woestyn dood (Num. 32:12).

Die belangrike saak wat ons hier moet raaksien, is:

- ❑ God loop met sy kind 'n ander pad in die lewe, as wat jyself graag wil hê.
- ❑ God ken met jou nie só iets soos 'n *kortpad* nie. Hy ken met jou net só iets soos die *regte* pad, al is dit dan 'n lang pad, 'n swaar pad vol struikelblokke. Die mense wat weet, sê dat hierdie Sinaïwoestyn vir kilometers net klippe is.
- ❑ Wanneer jy op hierdie ompad van God is, verloor jy soms rigting en perspektief.

- Al die *hartseer* en *swaarkry* en *pyn* en *seer* en *stukkend-wees* en *gesukkel* maak dat jy later partykeer voel asof jy jou in jou eie gedagtes vasdraai.
- Jy kla teen God en is selfs só uitsigloos dat jy nie God se wonders hier by jou langs die pad raaksien nie.

- Wat meer is: *Jy verstaan glad nie* waarom God jou hierdie pad laat loop nie.

Maar: Uiteindelik bring die Here Israel veilig in Kanaän aan – presies netsoos Hy beloof het.

En so is dit ook met jou:

- Hy sal sorg dat jy deur al die *swaarkry* en *hartseer* en *verlange* by jou ware *bestemming* aankom, op die regte *geloofspeil*, in die regte *verhouding* met Hom.
- Al mag jy langs die pad baie verdwaal en sonder koers en verward en eensaam voel.

(Volgende keer meer oor God se pad met jou.)

– André Grové

## *Bankbesonderhede*

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar Proeflesers*

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (066 0022 991); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).

## *PREEKPROGRAM – TWEEDE KWARTAAL 2026*

**<u>2026 Jaartema</u>: Die Jaar van God se genade**
**<u>Kwartaaltema</u>: Hemelvaart en Pinkster**

**<u>31 Mei (Nagmaal en Nabetragting - Feesnaweek)</u>**
Oggend: Dr De Wet - In God se teenwoordigheid lê daar vir ons 'n nuwe en blywende toekoms! Esegiël 42:1-43:12 (T = Eseg. 43:4-5, 7).
Oggend: Dr De Wet – Vervul met die Heilige Gees word ons gelei tot dankbaarheid! Levitikus 23:15-22 (T = Hand. 2:1).

**<u>7 Junie</u>**
Oggend: Prof Herrie van Rooy
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Hosea, Joël. Amos, Obadja

**<u>14 Junie</u>**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees: God se antwoord vir 'n verlore wêreld! Joël 2 (T = Joël 2:28, 29).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Jona, Miga, Nahum, Habakuk

**<u>21 Junie</u>**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die uitstorting van die Heilige Gees – Die oorsprong en doel van Pinkster! Handelinge 2:1-13 (T = Hand. 2:1-4).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Sefanja, Haggai, Sagaria, Maleagi

**SKOLE SLUIT (26 JUNIE)**

**<u>28 Junie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)</u>**
Oggend: Ds Jannie van der Schyff - Pinkstertyd – Ag, was almal maar vol van die Gees! – Numeri 11:4-35 (T = Numeri 11:29)

**<u>5 Julie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)</u>**
Oggend: Besoekende/Ander predikant

**<u>12 Julie (Geen aanddiens)</u>**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees lei ons in die volle waarheid! Johannes 16:5-15 (T = Joh. 16:13).

**<u>19 Julie (Geen aanddiens)</u>**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees sug saam met jou en bid vir jou! Romeine 8:18-27 (T = Rom. 8:26, 27).

**SKOLE OPEN (21 JULIE)**



**Advertensieblad van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp**

# DIE DOPPER SHOPPER

**Uitgawe 25, Volume 2** | **Mei 2026**





**Glasfit Krugersdorp**

**Human Straat, 31 Human Straat, Krugersdorp.**

**Tel: (011) 953-4120**

**E-Pos: chris@glasfitkrugersdorp.co.za**

**Kontak gerus:**

**Chris Landman 082 802 9313**

**Glasfit Krugersdorp is versekerings goedgekeur en Spesialiseer in:**

**Voertuig glas**

**Windskerm herstel (Chip repair)**

**Veiligheidsfilm op Voertuie en geboue**

**Aluminium Vensters, Deure en Storte**

**Herstel van gebou glas**

**<u>Ons het die volgende kantoortoerusting te koop:</u>**

- 2 Tiksterstoele op wiele: R125 elk
- 2 Staal liasseerkabinete met vier laaie, plus hanglêers: R450 elk
- 1 Harde plastiek skryfbehoefte lessenaarkabinet met 5 laatjies, 295 X 400 mm: R350
- 1 Harde plastiek dokument lessenaarkabinet met 12 laaie, 470 x 400 mm: R450
- 1 Ringbinder pons- en bindmasjien met toebehore: R450
- 1 “Flipcart”-staander (opvoubaar) en papier (Parrot) R500
- 1 Draagsak vir kunswerkvoorleggings of bouplanne ens: R250
- 1 ‘Sound Blaster” musiekstelsel vir rekenaarkoppeling: R300
- 'n Verskeidenheid lêers: R10 elk.

Skakel asb Cor Faling: 083 628 8874


Seniors in Motion
Ons Gee Om,
Sodat Hulle Kan Floreer
VOLLEDIGE SORG.
ELKE DAG.
Geselskap & Emosionele Ondersteuning
Daaglikse Aktiwiteite & Ligte Ofening
Vervoer na Afsprake
Voedsame Etes Elke Dag
Veilige, Betroubare
Verskaffer van hoë gehalte Volwasse Doeke teen bekostigbare pryse.
65P
Comfort
Adult
10 pcs
BEKOSTIGBAAR & Goeie Gehalte
SKAKEL LEANIE MATTHYSEN
079 28 46 103
Ons is hier om vir jou geliefdes te sorg.
Omgee Ondersteuning vir Seniors. Gemoedsrus vir Families.

# ADVERTENSIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERK KRUGERSDORP

## Koskas van die diakens





Ondersteun die diakens se koskas. Daar is veral 'n behoefte aan blikkieskos, toiletware en nie-bederfbare produkte. Bydraes en produkte kan by die Kerkkantoor afgegee word of Sondae in die konsistorie geplaas word.

Skakel gerus vir diaken Lia Verhoef (082 654 8519) as u meer inligting benodig of weet van iemand wat hulp nodig het.

## Bankbesonderhede by FNB

**Rekeningnaam:** Gereformeerde Kerk Krugersdorp
**Bank:** FNB Tjek rekening
**Takkode:** 255355 (My Branch)
**Tjekrekening:** 62876026511
**Verwysing:** Lidmaatnommer of Van

Spesifiseer waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word, byvoorbeeld bydrae, barmhartigheid, koningskinders of vir watter kollekte.

**PayPal**
Toegang tot die PayPal-fasiliteit kan verkry word deur die Q-R kode te gebruik of deur middel van die volgende skakel: https://www.paypal.com/cgi-bin/webscr?cmd=_s-xclick&hosted_button_id=K2V8UBYLNBM8A&source=url

**SnapScan**
Vir die betaling van kollektegeld kan die meegaande Q-R kode vir toegang tot die SnapScan-fasiliteit gebruik word.

Snap here to pay

**ONDERSTEUN ASSEBLIEF ONS ADVERTEERDERS!**